

Antwoorde: Begripstoets

Gebaseer op die storie *Vuyo en Unam*

1. In watter provinsie woon Vuyo en naby watter berg.

Vuyo woon in die Oos-Kaap aan die voet van die magtige Drakensberge.

2. Wat is die naam van die familie se donkie, en wat beteken die naam?

Die naam van die familie se donkie is Unam. Die naam beteken 'Hy is saam met my'.

3. Skryf 'n sin wat ons meer vertel oor Vuyo se familie.

Vuyo het twee ouer broers en 'n jonger suster.

4. Die familie gebruik die donkiekarretjie vir verskillende dinge. Noem twee.

Die familie gebruik die donkiekarretjie om die grond te bewerk, inkopies te doen, 'n muur te bou en om produkte mark toe te neem.

5. Hoekom dink jy is Vuyo opgewonde toe hy mark toe vertrek?

Vuyo is opgewonde toe hy mark toe vertrek want hy mag vir die eerste keer alleen met Unam en die karretjie mark toe gaan.

6. Wat neem Vuyo en Unam mark toe?

Vuyo en Unam neem mielies, sorghum en groente mark toe.

7. Wanneer span Vuyo en Unam uit om te rus en te eet?

Vuyo en Unam span uit om te rus en te eet nadat Vuyo alles by die mark verkoop het en hulle alles afgelaai het.

8. Waarom is die tog huis toe moeiliker vir Unam?

Die tog huis toe is moeiliker vir Unam omdat hy die karretjie die heuwel uit moet trek.

of

Die tog huis toe is moeiliker vir Unam omdat daar plekke is waar die pad styl is met los klippe en 'n diep afgrond aan een kant.

9. Waaroer bekommer Vuyo hom effens?

Vuyo bekommer hom effens oor die grys wolke wat in die lug opstapel en die luggie wat al kouer word.

of

Vuyo bekommer hom effens oor die moontlikheid dat daar donderstorms mag wees.